

VAN STAMVERWANTE BODEM

„Alleen diegene wat saam met ons, Paul Kruger tot mens en tot tydgenoot maak, kan van Krugerdag iets meer maak as 'n konvensie, 'n gewoonte" aldus *prof. dr. H. van der Merwe-Scholtz* tydens sy redevoering oor „*Paul Kruger en die Republiek van Suid-Afrika*". Prof. Dr. Van der Merwe-Scholtz het hierdie gedagte uitgespreek tydens die jongste Krugerdagbyeenkoms in Nederland. Die volledige toespraak is gepubliseer in „*Neerlandia*" (jg. 65, nr. II, 1961).

Spr. het verder o.m. verklaar: „Die regverdige eis, dat die Republiek van Suid-Afrika menslik sal optree in sy poging om sy ontsaglike probleme op te los. Menslik, dus in die eerste plek mensliewend, met eerbied vir die ewemens. Menslik, dus nie onmenslik nie. Maar menslik ook in dié sin dat die optrede onderhewig is aan menslike beperkings. Menslik, dus nie bomenslik nie.

Van een ding wil ek u verseker. Ons pogings tot die oplossing van ons groot probleem, die rasseprobleem, geskied nie sonder gedurige gewetensonderzoek nie. Selfs nie sonder gewetenskapswellings nie. Maar u moet daarby, in alle regverdigheid, altyd onthou: ons ondersoek, daar in Suid-Afrika, geskied ter plaatse; dit 'n ondersoek van feite wat hulle nie op 'n veilige, teoretiese afstand bevind nie; ons is tussen hierdie feite, loop daardeur sekerlik die gevaar dat ons denke kan gaan skeeflê onder die pynlike gewig van hierdie feite: maar loop nie die gevaar dat ons, op veilige afstand, ideologies soldaatjie speel met ander en werklike mense se lewens nie."

Spr. het hieraan toegevoeg: „As u dit begryp: dat ons, met hulp van Bo, maar menslik beperk, en tog in alle menslikheid, waartoe ons in staat is, doen wat ons kan en daarom moet doen, dan sal u ook begryp dat ons, indien die geskiedenis eendag minder tyd en plek aan ons wy as dit wat ons sou wou hê, ook genoë sal neem met die trooswoord, wat Paul Kruger vir sy verslane generaals, soos gewoonlik, in die Woord van God gevind het: „Want hulle was na vermoë — ek betuig dit — ja, bo vermoë gewillig."

In 'n bydrae „*De Taak van het A.N.V.*" het *F. G. A. Huber* o.m. die wenslikheid beklemtoon dat die „*Algemeen Nederlands Verbond*", om beter resultate van sy werksaamhede te verwag, 'n internasionale federasie van Vlaamse, Suid-Afrikaanse en Nederlandse organisasies moet vorm, waarvan die A.N.V. een sal wees. Ons het nog altyd gevoel dat die groot afstand, wat ons land van Nederland en Vlaandere skei, 'n belemmering was en is om die bande van onderlinge verwantskap op die bes moontlike wyse te versterk. 'n Internasionale federasie kan, in dié verband, ongetwyfeld uiters nuttige en vrugbare werk verrig.

Dit is verblydend dat die „*Wêreldbibliotheek*"-uitgewery (Amsterdam-Antwerpen) besluit het om 'n goedkoop uitgawe van *prof. dr. P. Geyl* se bekende „*Geschiedenis van de Nederlandse Stam*" uit te gee. Tot nou toe het dele I en II verskyn. Die gedeeltelik hersiene teks voer ons tot 1648. In sy inleiding skets die skrywer weer sy gedagtes omtrent die „*Nederlandse Stam*", 'n denkwyse waardeur hy reeds jare gelede baanbrekerswerk verrig het en waarvoor ons hom dankbaar sal bly. Prof. Geyl se werk het geen verdere aanbeveling nodig nie. In die loop van vanjaar sal dele III-VI verskyn. Die prys per deel (sagte omslag) bedra in Nederland ongeveer R0.60.

Van die hand van *Daan van der Zee* het die werk „*Oud-Schiedam*" met as ondertitel „*Met Holland als achtergrond in een historische ontwikkeling van zeven eeuwen*" (Van Gorcum & Comp., Assen, 1961, 143 bl., met afb.) verskyn. Soos bekend is Schiedam die stad waarin die gade van Kommandeur Jan van Riebeeck die eerste lewenslik aanskou het. Ons hou van die skryftrant van die skr., sy verteltrant is boeiend en hy het daarna gestreef om op verantwoorde wyse, maar in 'n populêre vorm die verlede van Schiedam te skets.

Sydelyngs beskou is dit 'n welkom aanvulling by ons Van Riebeeck-leesstof en verder gee dit 'n mooi, oorsigtelike beeld van die dikwels wisselvallige geskiedenis — veral staatkundig en politiek — van een van die ou stede uit die kerngebied van wat aanvanklik bekend sou staan as die Nederlandse Republiek om later 'n deel van die Nederlandse koninkryk te vorm, te wete die ou graafskap Holland.

By dieselfde uitgewer het 'n uitstekende werk oor die parlementêre geskiedenis van 1840-1940 van die hand van die bekende Nederlandse partyleier en parlementêriër *prof. P. J. Oud* verskyn („*Honderd Jaar. Een eeuw van staatkundige vormgeving in Nederland, 1840-1940*", 332 bl., met afb. 1961).

In verband met Nederland se houding met betrekking tot die Tweede Vryheidsoorlog verstrekk die skr. besonderhede op bl. 194. Dat die twee Boererepublieke nie uitgenooi was na die Eerste Vredeskonferensie nie was toe te skryf aan besware wat

deur Engeland geopper was. Dit het aanleiding gegee tot debatte in die Nederlandse parlement. Die Nederlandse aanbod om die „Gelderland” te stuur om Staatspresident Kruger na Europa te bring, is deur die Engelse regering nie aangenaam gevind nie, maar — aldus die skrywer — Engeland het geen aanstoot daaraan geneem nie. Die reaksie van die Ned. volk in daardie dae was sodanig dat toe koning Eduard VII van Engeland in 1901 op sy deurreis na Duitsland in Vlissingen verskyn het, ’n groot menigte Nederlanders by sy aankoms in die hawe die Transvaalse Volkslied aangehef het.

Belangstellendes vir die Nederlandse parlementêre geskiedenis tydens die genoemde tydperk kan aangeraai word om hierdie werk te bestudeer. Die naam van prof. Oud, o.m. die skrywer van die sesdelige standaardwerk „Het jongste verleden” staan borg vir die hoë gehalte van hierdie werk wat op onderhoudende wyse geskryf is.

Die betekenis van die foto met betrekking tot die hedendaagse gebeurtenisse, het weer ’n slag duidelik aan die lig gekom tydens die „World Press Photo”-tentoonstelling wat teen die einde van 1961 in die Gemeentemuseum van Den Haag gehou is. Onder die foto’s was ’n groot aantal nuusfoto’s uit lande soos Argentinië, Australië, België, Kanada, Sjina, Duitsland, Engeland, Japan, Nederland, Oostenryk, die V.S.A. en Rusland om slegs ’n paar lande van herkoms te noem.

Aan die Universiteit van Münster (Duitse Bondsrepubliek) is ’n *Instituut vir Publisistiek* onder leiding van prof. dr. H. J. Prakke. Soortgelyke inrigtings bestaan aan die Duitse universiteite van Berlyn, München, Neurenberg, Wilhelmshafen en Zürich (Switserland). Onderdele van hierdie studie is o.m. koerantkunde, koerantwetenskap, wysbegeerte, geskiedenis, aardrykskunde, sosiologie, sielkunde, die rolprent, beeldradio, heroepsverantwoordelikheid. Die grondslae vir hierdie studie is in 1919 op aanrade van die geskiedkundige prof. dr. A. Meister gelê. Onder die proefskrifte wat in Münster goedgekeur is, kom o.m. voor „Die publizitische Behandlung der Österreichfrage und die Anschlussvorbereitungen in der Tagespresse der Dritten Reiches (1933-1938)” en een oor „Die Flugschriftenpublizistik zur Zeit der Pariser Fronde (1648-1652)”.


In die tydskrif „Antwerpen” (jg. 7, nr. 3, Sept. 1961) kom, van die hand van R. Marynissen, ’n belangrike hydrae oor die restourasie van P. Rubens se beroemde „Kruisafneming” voor.

Onlangs het prof. dr. H. J. Prakke sy intreerede aan die Wilhelmsuniversiteit van Münster gelewer oor die onderwerp „Über die Entgrenzung der Publistik und die Rückblende als publizitisches Moment im Kulturwandel” (Assen, 1961, 31 bl.). Prof. Prakke staan uitvoerig stil by die aanhoudende nuwe formulering van die geskiedbeeld en die vereiste om die tema te betrek met die hede. Die verlede bly deel van die hede en die toekoms, maar wanneer ons tot nuwe vormgewing van die geskiedenis oorgaan dan is waarheidsgetrouheid die eerste vereiste. In verband met die historiese brand van Moskou (1812) en die Russiese rewolusie van 1917 gee prof. Prakke treffende voorbeelde van die Russiese opvattinge en die aanhoudende wysigings in dié opsig tydens die Kommunistiese bewind (bl. 20-25). Ook verwys hy in dié verband na twee uiteenlopende vertolkings van Veldmaarskalk Rommel.

Dr. Jan Ploeger.

BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

1. Friis, Dr. Theo: The Public Library in South Africa. An evaluative Study, pp. XII, 349, R6, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Kaapstad-Johannesburg; Andre Deutsch, Londen, 1962.
2. Ferguson, W. T. and Immelman, R. F. M.: Sir John Herschel and Education at the Cape 1834-1840, pp. XII, 94, R1.50, Cape Town University Press, 1961.
3. Hervormde Teologiese Studies, 16de Jaargang Afd. IV en 17de Jaargang Afd. I., N.H.W. Pers, Krugersdorp.
4. Moller-Malan, Dorothea: Oos van Doornrivier, pp. 224, R1.25, Tafelberg-uitgewers, Kaapstad.
5. Radlof, Gerrie: Vlugteling uit Frankryk, pp. 128, R1.15, Human en Rousseau, Kaapstad, 1961.
6. Scholtz, G. D.: Die stryd om die wêreld, pp. 561, R5.50, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1962



Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word meer as driekwart van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van sowat 2,000,000 gietblokton per jaar produseer. Huidige uitbreidings sal die Korporasie se produksie weldra verhoog tot 2,350,000 gietblokton per jaar... en nog gaan die groeiproses voort! 'n Nuwe uitbreidingsprogram wat oor twaalf jaar sal strek, tussen R540 miljoen en R560 miljoen sal kos en die jaarlikse produksievermoë tot tussen 4,350,000 en 4,500,000 gietblokton sal vermeerder, is reeds aangekondig.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal.

**SUID - AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**
POSBUS 450 PRETORIA

*Uit ons Geskiedenis
is 'n Nasie gebore!*

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,

hy dien

DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as pos-en-telegraafassistent
of tegnikus, is diens aan u land.

U word verseker van

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere
besonderhede verstek.**